JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

Junie 2014

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Agter 'n baard**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**4**
EN				
2.	**Astra Castra**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**Brief**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**8**
EN				
4.	**Die hanswors**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**10**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Agter 'n baard – Hennie Aucamp

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ten spyte van haar hartseer raak sy gou aan die slaap; slaap so vas dat sy hom nie hoor opstaan en beweeg nie. Dis sy kyk wat haar wek. Hy staan in die straatlig wat deur die venster val; staan wit en nakend - en sonder baard.
"Deon!" Sy druk 'n hand teen haar mond, soek met die ander na die bed lamp.

Hy kom kniel by haar; lyk soos 'n nar, met die bleek stroke waar daar baard was. Plek-plek het hy hom raakgeskeer.
"Staan op, Deon; staan op, my man."
"Kyk na my," beveel hy.
Sy kyk na die ervarings waarvan sy briewe niks gesê het nie; sidder, en maak haar oë toe.
"Kom lê nou, Deon, asseblief. Jy is baie moeg."
Hy gaan lê langs haar, maar raak nie aan haar nie. En begin vertel. "Moenie," smeek sy, "ek wil nie hoor nie."
In 'n stadium lê sy haar hand oor sy mond. Hy stoot dit ru weg; praat voort.
Dis asof die bed van bloed deurtrokke raak - taai en lou, met 'n souterige reuk.
Ander reuke kom by: uitskeidings, braaksels, verrottende vlees. Sy probeer orent kom; hy druk haar terug.
"Oppas, die kind," pleit sy.
Maar dis hy wat uiteindelik begin huil, verlore en gebroke.
Toe Deon lankal rukkerig teen haar slaap, lê sy nog wakker, en weet nie dat sy haar een hand oop- en toemaak nie, oop en toe.

1.1. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER en die antwoorde neer.

Toe Deon teruggekeer het van 1.1.1. (die grens / 'n sakereis) het hy 'n baard gehad. Marina het gesê sy 1.1.2. (hou daarvan / hou nie daarvan nie). In die kortverhaal is die denotatiewe gebruik van baard 1.1.3. (dit waaragter Deon weggekruip het / 'n persoonlik uitdrukking van Deon se styl) terwyl die konnotatiewe gebruik van die baard die 1.1.4. (lekker avonture / wrede gebeure) van sy ervarings simboliseer. (4)

1.2. Met watter tipe vervoer het Deon teruggekom? (1)

1.3. Wie van Deon se familie het vir hom op die stasie gewag? (2)

1.4. Wie van die twee familielede, wat vir hom gewag het, het Deon eerste gesien? (1)

1.5. Het Marina die groter simboolwaarde vir die fotograwe NET omdat sy mooi is en ‘n kind by haar het? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.6. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.6.) en die LETTER (A – D) neer.

Hoekom is Deon se hande bruin?

A Hy het vir lank nie gebad nie.
B Hy was vir lang tye in die son.
C Hy moes die motors verf tydens die oorlog.
D Hy moes motors regmaak tydens die oorlog. (1)

1.7. Hoekom dink jy wou Deon sy hare laat groei nou dat hy terug was? Gee TWEE feite. (2)

1.8. Kies die korrekte antwoord: In haar poging om Deon selfs nog meer tuis te laat voel het Marina (sy gunsteling kos gemaak / die huis mooi skoongemaak). (1)

1.9. Wat was die eerste ding wat Deon gedoen het toe hy by die huis gekom het? (1)

1.10. Hoekom was Marina vies toe Deon uit die badkamer gekom het? (1)

1.11. Hoekom het Marina gefrons toe sy wyn uit die koelkas gehaal het, en sy 'n bottel brandewyn en 'n glas op die kombuistafel gesien het? (1)

1.12. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.12.) en die LETTER (A – D) neer.

Die tema van die verhaal is…

A Kindermishandeling is ‘n nare realiteit.
B Dit is nie goed om ‘n baard te groei nie.
C Oorlog het geen sielkundige nagevolge nie.
D Oorlog het ‘n negatiewe psigologiese uitwerking. (1)

[17]

EN

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Astra Castra – Dot Serfontein

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die kinders weet dat hy in sy universiteitsdae 'n uithaleratleet was, 'n toekomstige lid van die Suid-Afrikaanse span. Hy het 'n besering opgedoen, moes maande met krukke loop en het geëindig as 'n gewone onderwyser. Ongewoon beduiweld. Bitsig en onverdraagsaam, maar goed. As Bester teen 'n ding is – en hy is dikwels – ontsien hy hoof nog kollega. Gelukkig het hy aan die begin van die jaar verloof geraak aan die nuwe musiekonderwyseres, en almal hoop dat sy gal in die toekoms tuis gebraak gaan word.

"Ja, en wie het die probleme uitgekry?" Argeloos steek Ettie haar hand op. Dis net haar hand en Dolf s'n wat opgaan. In die sop!

"So?" Hy staan soos 'n dikgevrete mannetjieskat daar en hou sy hand uit vir die twee boeke.

Hulle gee dit, en die res van die klas vou hulle hande. In die sop is Bittergal se twee witbroodjies. Al trap hy hulle gedurig voor ander uit, hulle weet dis sy witbrode. Hy verduidelik die probleem op die bord en die nie die verduideliking wat Ettie van Dolf afgeskryf het nie. "En julle twee, die enigste twee wat dit reggekry het, het dit volgens dieselfde verkeerde redenasie uitgekry. Dolf, wat sê jy hiervan? En staan op as ek met jou praat."

Dolf slinger orent, staan stug en afkyk. "Het Ettie by jou afgeskryf?"

"Nee, Meneer."

"A! Dus het jy by Ettie afgeskryf." Belaglik! Ettie sukkel deurentyd met Wiskunde. Terwyl Eben Bester praat, kyk hy smalend na Ettie. Sy kyk weg. Hy wag.

2.1. Het Dolf die som by Ettie afgeskryf soos dit blyk in die aanhaling? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.2. Beide Dolf en Ettie verlaat die klas na die afskryf-insident in die aanhaling.

2.2.1. Waarnatoe het Ettie gegaan? (1)

2.2.2. Waarnatoe is Dolf geneem? (1)

2.3. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER (2.3.1. – 2.3.4.) en die ANTWOORD neer.

Ettie neem deel aan atletiek in die item 2.3.1. (1000m / 100m). Haar grootste teenstaander is 2.3.2. (Anna van der Waldt / Hanna Dewalt) wat die Suid-Afrikaanse 2.3.3. (junior / senior) naelloopkampioen is. Aan die begin van die kortverhaal toe Ettie teen haar gehardloop het, het Ettie die naelloop 2.3.4. (gewen / verloor). (4)

2.4. Wat is die betekenis van die latynse uitdrukking: “astra castra, numen lumen”? Gee TWEE feite. (2)

2.5. Waar sou die volgende atletiek-byeenkoms, die SA Kampioenskappe, waaraan Ettie sou deelneem, gehou word? (1)

2.6. Ettie moes tot die einde van die kwartaal, tot die SA Kampioenskappe, by die skoolhoof bly. Hoekom was dit belangrik vir haar…

2.6.1. oefenprogram? (1)
2.6.2. dieet? (2)

2.7. Waar het Dolf ‘n foto van Ettie gehou? (1)

2.8. Waarnatoe wou Ettie saam met Dolf gaan die aand voor die skool sou opbreek vir die vakansie? (1)

2.9. Kies die korrekte antwword: Toe Eben Bester gehoor het dat Ettie die aand voor die skool sou opbreek vir die vakansie saam met Dolf wou uitgaan het hy gesê (sy mag maar gaan / sy mag nie gaan nie). (1)

2.10. Wat was Eben Bester se reaksie toe Ettie NIE die wedloop gewen het NIE by die SA-kampioenskappe? (1)

2.11. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (2.11.) en die LETTER (A – D) neer.

Die tema van die verhaal is…

A Liefde oorwin alles.
B Onderwysers plaas druk op leerders om te presteer.
C Jy moet jy eie huiswerk doen en nie by ander afskryf nie.
D ‘n Liefdesverhouding tussen ‘n onderwyser en ‘n leerder is nie reg nie. (1)

[18]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Brief – F. R. Abrahams

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Brief

Mammie, ek skryf ook vir Ma ‘n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma “jy” sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene nie by Ma nie
Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil ‘n oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –
Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
kon nie
‘skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
grootmenskind
anderster kind

F.R. Abrahams

3.1. Vir wie skryf die digter die gedig? (1)

3.2. Haal een woord aan in reël 1 wat sê dat die digter nie die enigste een is wat so ‘n gedig geskryf het nie. (1)

3.3. Haal een woord aan wat sê dit ‘n eenvoudige gedig is. (1)

3.4. Wat sê die digter pas nie by sy ma nie? Noem TWEE van die DRIE dinge. (2)

3.5. Haal een woord aan in reël 7 wat sê dat die digter nie meer ‘n kind is nie. (1)

3.6. Haal die gedeelte van 'n versreël aan wat sê dat hy nie meer sy skoolbaadjie kan dra nie. (1)

3.7. Haal een woord aan wat sê dat hy net partykeer vir homself skrik. (1)

3.8. Haal 'n versreël aan wat sê dat hy nie kort hare het nie. (1)

3.9. Haal een woord aan wat sê dat hy nog nie 'n oorring dra nie. (1)

3.10. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê dat hy amper glad nie meer bid nie. (1)

3.11. Haal een woord aan wat sê dat hy nie seker is of sy ma van sy verse sal hou nie (1)

3.12. Pas die versreël in Kolom A by die stylfiguur in Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.12) en die LETTER (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
3.12.1.	grootmenskind	A	Litotes
3.12.2.	– ek wonder of Ma van my verse sal hou –	B	Assonansie
3.12.3.	**s**ommer **s**o, ne**s** Antjie	C	Kontras
3.12.4.	**Mammie**, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig	D	Parentese
		E	Alliterasie

(4)

3.13. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.13.) en die LETTER (A – D) neer.

Wat is die tema van die gedig?

A Die digter het met sy grootword dinge gedoen waaroor hy glad nie spyt is nie en hy gee nie om of dit sy ma se goedkeuring weggedra het of nie en hy het sommer maar net die gedig geskryf.

B Die digter het met sy grootword dinge gedoen waaroor hy spyt is en hy weet sy ma haat hom en hy konfronteer haar hieroor in die gedig.

C Die digter het met sy grootoword dinge gedoen wat hy weet nie sy ma se goedkeuring weggedra het nie en hy probeer met die gedig sy ma oorreed om te verstaan.

D Die digter het met sy grootword dinge gedoen wat hy weet sy ma se goedkeuring weggedra het en probeer dit aan sy ma in die gedig verduidelik. (1)

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die hanswors* – S. J. Pretorius**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hanswors

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in 'n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
'n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het 'n brief gekom eendag ...
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

S.J. Pretorius

4.1. Haal een woord aan in die eerste strofe wat sê dat die hanswors 'n gebrek het / gebreklik is. (1)

4.2. Watter woord sê die hanswors se boggel was nie mooi om na te kyk nie? (1)

4.3. Haal een woord aan wat sê dat die hanswors se rugraat nie reguit is nie. (1)

4.4. Haal TWEE voorbeelde aan van hiperbool in die eerste strofe. (2)

4.5. Haal twee apparte woorde aan wat 'n antitese is in reël 5 en 6. (2)

4.6. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER (4.6.1. – 4.6.2.) en die ANTWOORD neer.

Die stylfiguur wat in die laaste deel van reël 3 gebruik word staan bekend as 4.6.1. (enjambement / inversie) en die funksie daarvan in díe geval is 4.6.2. (om dit wat die digter as belangrik ag eerste te plaas / sodat die woord aan die einde in die rympatroon kan pas). (2)

4.7. Haal 'n woord aan uit stofe 2 wat sê dat die hanswors se medewerkers / kollegas / die ander kunstenaars minagtend teenoor hom was. (1)

4.8. Hoe gereeld het die hanswors 'n brief gepos. (1)

4.9. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê dat al die toeskouers vir die hanswors lag. (1)

4.10. Haal een woord aan in strofe 4 wat sê dat die hanswors se kollegas hom haat. (1)

4.11. Haal een woord aan in die strofe 4 wat sê dat die hanswors eensaam/alleen is. (1)

4.12. Kies die KORREKTE antwoord. Die toon / stemming van die gedig is (vrolik / hartseer). (1)

4.13. Pas die dialoog in Kolom A by die karakters in die gedig in Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER (4.13) en die LETTER (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
4.13.1.	"Wat doen die vent met sy salaris?"	A	Die toeskouers.
4.13.2.	"Hy is vir my 'n bate."	B	Die hanswors se ma.
4.13.3.	"Dankie my kind ..."	C	Sy kollegas.
		D	Die sirkusbaas.

(3)
[18]

TOTAAL AFDELING B 35

VRAESTEL TOTAAL 70